

IS JY GELUKKIG?

Skriflesing: Prediker 3:10-13

10	Ek het gesien dat God aan die mens 'n taak gegee het om hom mee besig te hou.
11	God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd, maar Hy het ook aan die mens 'n besef gegee van die onbepaalde tyd. Tog kan die mens die werk van God van begin tot einde nie begryp nie.
12	Ek het tot die insig gekom dat daar vir 'n mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet.
13	Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dit is 'n gawe van God.

Meeste dele van die Bybel is geskryf in omstandighede wat vreemd is aan ons eie. Dan word dinge gesê wat ons baie mooi moet lees binne die konteks daarvan, anders verstaan ons dit nie reg nie.

Byvoorbeeld: Deuteronomium se verbod op varkveis en kreef en volstruisveis. Ons met ons yskaste en vrieskaste verstaan dit nie; maar vir die woestynreisiger op pad in die bloedige son tussen twee wadis was dit 'n noodsaaklike verbod: dit gaan jou siek maak as jy jou stukkie varkveis of kreef die heeldag saamry en vanaand probeer om dit te eet.

Prediker is bietjie anders. Die konteks van prediker is nie een of ander historiese tydperk nie. Sy konteks is die lewe. Daarom kan ons Prediker lees en iets verstaan van ons eie lewens, en daarvoor dink asof dit vir ons bedoel is.

Lees Prediker 3:1-13

In Afrikaans het ons 'n woord met twee betekenisse. Die woord Geluk. Geluk is aan die een kant as jy Saterdagmiddag die tiende prys in die Lotto gewen het; of die trekking wen wat jou vlug na Londen opgradeer na besigheidsklas; of as jy 'n motorongeluk net-net ontglip. Die Engelse noem dit "luck".

Maar geluk beteken ook 'n emosie. Om *gelukkig te wees*. Die Engelse sê: "happiness". Die Prediker gebruik in vers 12 die oortreffende trap van gelukkig wees: om vrolik te wees. Die slim mense sê gelukkig wees is 'n gevoel binne in jou wat wissel tussen tevredenheid en instense vreugde. Hulle sê ook *gelukkig* is 'n beskrywing, 'n beoordeling, wat mens self maak oor hoe dit met jou gaan.

Maar gelukkig wees het baie fasette, en dis vir elke mens uniek. Jou lag, jou drome, jou ideale: al die dinge kom tuis in jou eie konteks. Dink aan die uil. Weggesteek tussen die tekstuur van die lewe, wat vir elke mens uniek is, goed verberg agter die werklikhede, sit die uiltjie, die uiltjie van geluk. Dis ook so in Prediker se boek. Hy praat oor ale die fasette van die lewe: dood, ouderdom, teenspoed, onreg, en dan wys hy vir ons die uiltjie van geluk. Wees vrolik; wees gelukkig!

En dis vir elke mens beskore. Iemand sê: sukses is nie die sleutel tot geluk nie; geluk is die sleutel tot sukses. As jy gelukkig is met wat jy doen sal jy suksesvol wees. Bowendien: as jy te besig is om te lag, dan is jy te besig.

Laat ons net 'n moontlike misverstand uit die weg ruim. Elke lewensfase het die potensiaal om 'n mens geluk te laat beleef. Of jy nou dertig is, of veertig, vyftig of sestig of tagtig. Natuurlik verander die dinge wat mens gelukkig maak met die lewe saam; maar daar is nie so 'n ding soos 'n gelukkige lewensfase of 'n ding soos 'n ongelukkig lewensfase nie. Ek sien baie ongelukkige jongmense omdat hulle hulle geluk afhanklik maak van sukses, en hoop op 'n lewensfase van suksesvol, wees voor hulle kan waag om gelukkig te wees. Dan sien ek ook ongelukkig baie baie onvergenoegde ouer mense, wat dink: geluk het ons verbygegaan.

Kyk mooi wat sê Prediker. Jyself is verantwoordelik vir jou geluk. Wees vrolik. Vind jou eie pad na gelukkig wees. Een van die grootste strewes wat mens kan hê is om aan die einde te kan sê: ek het my eie lewe gelewe. En ja, tussen al die teleurstellings en uitdagings deur, was daar altyd in my hand die fakkel van my vryheid en my selfbeskikking wat die pad verlig al is dit donker. Moenie om iemand anders staatmaak vir jou geluk en jou selfrespek nie. Jy is self verantwoordelik daarvoor. As jy nie jousef kan liefhê en respekteer nie, niemand anders kan dit laat gebeur nie. Aanvaar wie en wat jy is volkome. Die goeie en die minder goeie. Verander dit wat jy dink anders moet wees, nie omdat iemand anders dit wil hê nie.

Wat het jy nodig om gelukkig te kan wees? Waarskynlik baie minder as wat jy dink. Regtig gelukkig wees kom in die klein oomblikke; volgens prediker waar jy aansit by 'n stukkie brood en 'n beker wyn. Soos die verskrompelde ou tannietjie in Monterosso wat haar mandjie oor haar arm sit, en uit haar klein huisie ver afstap na die plein toe, want die weeklikse marklorrie het gekom. Sy verlustig haar aan die wonderlike dinge op die lorrie. En dan koop sy 'n tamatie! En loop sing-sing huistoe; en groet almal wat verbykom vrolik: BON GIORNO!

Einstein het gesê: 'n tafel, 'n stoel, 'n bak vrugte en 'n viool: wat meer het mens nodig om gelukkig te kan wees?

En ons het so baie! Baie mense is ongelukkig omdat hulle hunker na wat hulle nie het nie. Maar verlange na wat ander het, of is, kan jou nie gelukkig maak nie. Net tevredenheid, selfs verwondering oor jou eie lewe, al jou eie gawes, geskenke van God. Gelukkig wees is 'n keuse, 'n besluit. Dis 'n verskuilde uiltjie in die tekstuur van jou eie lewe; en as jy nie oor jou eie lewe bly en opgewonde is nie, gaan jy nie die uiltjie raaksien nie. Die gras is altyd groener daar waar jy dit self natgooi! Maar as jy die heelyd fokus op die deur wat agter jou toegegaan het, sal jy nooit die deur raaksien wat voor jou oopgaan nie.

Klink dit so 'n bietjie egoïsties? Dat jy jou eie lewe moet lewe en self jou eie gelukkig wees moet ontdek en ontgin? Jy hoef nie vir 'n oomblik daarvoor te bekommer nie; want die lewe het sekerlik al vir jou geleer, of sal jou nog, dat ware geluk te vinde is in liefde. Liefde vir ander; liefde vir die lewe wat jou gegun is; liefde vir wat jy doen; liefde vir wat jy met ander deel. 'n Wyse man het eendag gesê: duisende kerse kan deur een kersie aangesteek word, sonder dat die leeftyd van die aansteekkersie enigsins minder word. Om jou lewe te deel met ander gaan nie jou geluk verminder of kleiner maak nie: eerder die teendeel.

As Jesus met sy dissipels praat, hou Hy aan hulle sy lewe van diensbaarheid en prysgawe voor. En dan sê Hy vir julle: wat help dit as jy die hele wereld win, en aan jou siel skade ly? Dis waar ons uitdrukking vandaan kom: om sielsongelukkig te wees. Jou siel kan diep ongelukkig wees as jy dit verkoop aan sukses, aan aansien, aan onvergenoegdheid, aan selfsug.

If you observe a really happy man you will find him building a boat, writing a symphony, educating his son, growing dahlias in his garden, or looking for dinosaur eggs in the gobi desert. He will not be searching for happiness as if it were a collar button that has rolled under the radiator. He will not be striving for it as a goal in itself. He will have become aware that he is happy in the course of living life twenty-four crowded hours of the day. W Baran Wolfe.

Streef na innerlike vrede in die chaos van jou lewe se tekstuur; waardeer die uniekheid van jou lewe; kyk mooi na al die wonderlike gawes wat jy het; moenie skroom om dit te deel met ander nie.

Al is dit net jou arm. Ek sluit af met die storie van die laerskooljuffrou. Laat in die periode, toe die les amper verby is, bring die skoolhoof 'n nuwe seuntjie in die klas in. Dadelik sien die onderwyseres: maar die kind het net een arm! Omdat sy nie tyd het om vir hom te vra oor sy arm, en met die ander kinders te praat daaroor nie, is sy vreesbevange dat een van die kinders 'n negatiewe opmerking sal maak teenoor die seuntjie. Sy gaan egter aan met die les. "Kinders, kom ons bou 'n kerk. Gebruik julle hande en bou saam met my: daar is die toring, daar is die dak, daar is die mure...en skielik besef sy wat sy besig is om te doen! Presies wat sy bang was die ander kinders sou doen! Sy kyk vir die seuntjie met die een arm. Toe sien sy die dogtertjie langsaan wat sien die seuntjie kan nie bou nie. Die dogtertjie sê: "Kom ons bou die kerk saam! En sy sit haar hand teen die seuntjie se enigste hand: *daar is die toring, daar is die dak, daar is die mure....*"

Wie was die gelukkigste: die seuntjie, die dogtertjie, die juffrou? Elkeen was gelukkig, omdat die dogtertjie die uiltjie kon raaksien in die tekstuur van 'n seuntjie se lewe met net een arm.

Toe, gaan leef jou uniekheid, wees eerlik met jouself, ontdek die innerlike lig van gelukkig wees; dis alles 'n gawe van God.